



Aardverwarming

Omgewingsbewustheid en omgewingsbewing is so te sê in ons DNS ingekodeer. Die Afrikaner leef in die natuur, naby die natuur en met 'n groot besef van verantwoordelikheid ten opsigte van die natuur. Ons het die grootste natuurreserve en 'n lang geskiedenis van verantwoordelike bestuur van die natuurskoon hier aan die suidpunt van Afrika. Ons probeer die oorbenuiting van natuurlike hulpbronne vermy. Volhoubare ontwikkeling gaan gepaard met intensiewe navorsing. Ons het 'n stryd teen wildstropers, juis omdat ons nie wil sien dat byvoorbeeld die renoster uitsterf nie.

Daar is natuurlik haakplekke. Die groot kabaal oor die oes van olifante is nog vars in die geheue. Die olifante moes uitgedun word omdat hulle oorgetalle die eko-balans van ons streek bedreig het. Jag is 'n steen des aanstoots vir baie wat nie verstaan nie dat die mens se impak op die streek se natuur die getalle-balans so versteur het dat jagters steeds nodig is om getalle in proporsie met die drakrag van die veld te hou. Mense soos dié wat betrokke was by die onwettige leeu-jag in Zimbabwe, doen 'n goeie saak baie skade.

Die belangrike om te onthou, is dat dit in rentmeesterskap en nederigheid gedoen moet word. Die moontlikheid bestaan altyd dat die mens se rol oorskakel kan word of dat die mens om die bos geleik kan word om te dink dat menswees op 'n globale skaal 'n vernietigende impak kan hê. Die hele globale klimaatsverandering episode is hiervan 'n uitmuntende voorbeeld.

Die menslike hubris wat gepaard gaan met dié retoriek is verstommend. Aanvanklik was die groot debat oor

aardverwarming. Groot klem is geplaas op die koolstof waarmee die mens die lug besoedel. Menslike koolstofproduksie saam met groenhuiskasse, so lui die debat, was die mens se skuld en dit was besig om menslike oorlewing op die planeet te bedreig. Rekenaar gegenereerde modelle word gebruik om aan te dui dat hoër temperature die seevlak gaan laat styg, grootskaalse droogtes is op pad, oeste gaan misluk en vele ander alarmwekkende natuurrampe gaan volg.

Die impak van die Verenigde nasies se "IPCC (*intergovernmental panel on climate change*) kan kwalik onderskat word. In 2007 het die komitee die Nobelprys met Al Gore gedeel. Gore is bekend as die een Vise-president van die VSA, maar meer bekend vir sy fliek "*An inconvenient truth*".

Dat Gore persoonlik finansiële baat by eko-wetgewing is reeds duidelik aangedui. Die feit dat hy ongemaklik met die waarheid is, is ironies genoeg ook aan te dui. Hy stel 'n ongemaklike waarheid, maar in die proses is hy self ook ongemaklik met die waarheid. Een voorbeeld naamlik koolstof, se invloed sal aangedui word. Om sy saak van aardverwarming te staaf, verwys hy na menslike koolstofproduksie en stel dan dat, waterstof uitgesluit, koolstof 30% van kweekhuiskasse beslaan. Die vermeerdering van die koolstof impakteer volgens hom derhalwe drasties op die atmosfeer en die aarde. 'n Halwe waarheid is volledig leuen. Alhoewel hy korrek is in die persentasie wat hy aanhaal, is sy uitsluiting van waterstof die groot probleem. Waterstof maak 94% van die kweekhuiskasse uit. Daarmee saam is sy reglynige verbinding van koolstof en temperatuur problematies. Navorsing het reeds

oortuigend aangedui dat die klimaat eers verwarm en dat koolstof daarna in groter hoeveelhede in die atmosfeer teenwoordig is. Die atmosfeer se koolstof is met ander woorde die gevolg van 'n warmer klimaat, nie die warmer klimaat die gevolg van meer koolstof nie. Ons weet dat koolstof vir plante nodig is.

Die aarde se klimaat het in 1998 begin afkoel en navorsing het dit duidelik aangedui. Gevolglik het die *groenes* hulle deuntjie verander van aardverwarming na globale klimaatsverandering. Die bewerings is steeds dat die mens op globale skaal impak het, maar nou gaan dit oor verandering van klimaat. Mense word oortuig dat die mens se aktiwiteite so op hierdie planeet kan impakteer dat menslike voortbestaan bedreig sal word in die toekoms. Klem word gelê op droogtes, storms en ander natuurrampe. Hierdie natuurlike rampe word dan aan die mens se toedoen gekoppeol. Allerhande soorte belastings word dan ingestel, so al asof iets soos koolstofbelasting die saak gaan verander.

Die persone wat die agenda rakende klimaatsverandering op die voorgrond hou, se optrede lyk eerder na godsdiens-tige fanatisme as wetenskap-likes objektiwiteit. Die ostrasering van wetenskaplikes wat sogenaamde "menslik-veroorsaakte klimaatsverandering ontkenners" is, kan maklik nagevors word. Daar word van verskillende tegnieke gebruik gemaak om die teenstem stil te maak.

Dit gaan oor meer as net 'n aandrang op volmaaktheid in die beskryf van die saak. Soos met soveel ander menslike skemas, is die beste raad om die geldspoor te volg. Die geldspoor wys duidelik dat daar groot geld te maak is in die "stryd teen globale klimaatsverandering". Om dit te kan doen, moet mense oortuig wees dit is hulle skuld dat die klimaat besig is om te verander.

Die nuutste navorsing wys al hoe meer dat die alarmiste ook in hierdie saak

geen vaste grond het om op te staan nie. Op globale skaal is die menslike impak minimaal. Dit gaan nie net oor een aspek nie. Die aarde se klimaat is aan 'n komplekse versameling omstandighede toe te skryf. Die son met al sy aktiwiteite, die seestrome, asook onderwater vulkane en natuurlike ritmes is enkele faktore wat impakteer op klimaat. Daarmee saam is die klimaat nie 'n stabiele konstante nie. Klimaat verander oor tyd op globale skaal. Dit was nog altyd so. Daar is aanduibare verandering van klimaat oor eeue heen gewees. Die pole se ys smelt en word meer, gletsers groei en krimp gereeld. Dit is astante arrogansie wat nou wil beweer die menslike impak op globale klimaat is vernietigend.

Dit is waar dat die mens in streeksverband klein veranderings kan veroorsaak. Indien tyd en aardoppervlak in ag geneem word, is menslike invloed selfs op streeksvlak aanduibaar, maar die globale impak is statisties gering. Die Jode in Israel en die Arabiere se Dubai is voorbeelde van streeks-toestand verandering. Ontbosting en industriële boerdery kan ook impakteer op die natuur.

Die weerprofete kan redelik akkuraat voorspel wat die volgende paar dae gebeur, maar nie wat volgende jaar of oor tien jaar gaan gebeur nie. Droogte en reën, hitte en ystydperke is van 'n komplekse konglomeraat natuurverskynsels afhanklik. Ons as mense kan dit soms effektief beskryf, dalk deels voorspel, maar nooit beheer of veroorsaak njie.

Teen hierdie agtergrond is dit nodig dat ons as mense ons plek sal ken. Die grootheidswaan van "ons verander die klimaat" moet plek maak vir nederige rentmeesterskap. Die skepping is aan verandering en verganklikheid onderworpe. Die faktore wat verandering bepaal, is in die hande van die Skepper. Ons kan kies om die skepping mooi op te pas, of ons kan besluit om ongehoor-

saam te wees en roekeloos met die natuur om te gaan. Laasgenoemde is iets waarvoor ons voor God verantwoording gaan moet doen. Dit is egter vergesog om te dink dat ons optredes op globale skaal die klimaat kan vernietig.

Mense se lugbesoedeling gaan nie van die aarde 'n kweekhuis maak nie. Tog kan ons omstandighede verbeter word deur besoedeling te beperk en te verhoed. Om rommel te strooi, gaan nie van ons land 'n woestyn maak nie, maar gaan tog op 'n area 'n negatiewe impak hê. Om water te besoedel en te mors gaan nie maak dat water te skaars raak op 'n planeet waarvan die oppervlak meer as 70% water is nie. Tog moet ons met verantwoordelikheid omgaan met die hulpbronne tot ons beskikking. Dit is ons taak en opdrag soos verwoord in Genesis 1.